PLUS CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C H O
JAARGANG XXXIII | NOMMER 13 | 25 AUGUSTUS 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# STUDENTE GEDRA HULLE SLEG



*Die Rivierpukke wys hulle slag.*

**Opgewonde studente het tydens Saterdag se intervarsity tussen die PU en die UOVS nartjies, appels en bottels tussen die pawiljoene laat vlieg. Dit het gevolg nadat humeure begin hoogloop het.**

Dit is nie seker wie eerste met die gooiery begin het nie. Theuns Eloff, SSR-voorsitter van die PU, het met die dirigente van die Kovsies gaan praat. Hy het ook met die Pukke gepraat. Daar was aanvanklik min reaksie van die Kovsiekant, maar die gooiery het later opgehou. Theuns was bevrees dat iemand beseer kon word.

Dronk toeskouers het ook probleme by die dirigente veroorsaak. Die Rivierpukke het hulle slag op die dansbaan gewys deur 'n voorskou op die pawiljoen te gee.

Te midde van dié probleme was daar ook gesonde studentepret. 'n Pukstudent, ene Vetkop, met sy snaakse klere het vir baie pret gesorg. Die welbekende Piet Jas met sy megafoon het baie nekke laat draai.

Die trompoppies van die UOVS is deur moeilikheidmakers gesteur. Hulle het gou hul orde herstel.

Die hoofdirigent van die PU vir CHO, Dawie Kriel, was byna geskaak. 'n Klomp Kovsies het op hom afgestorm en hom reeds opgetel toe die Pukke hulle beetgekry en verwilder het.

Die Pukgees was baie goed. Dit het almal verbaas dat mense nog so blymoedig kan wees ten spyte van talle verloorslae en aanduidings dat die hoofwedstryd ook verloor gaan word.

## LEES BINNE

*AFFIKAMPUS* .................. 2
*Theuns gesels oor 1979* ........ 3
*Damesblad* .................... 4
*Swartstudente loof PU* .......... 5
*Uit No. 13* ..................... 6
*Hoofartikel* .................... 6
*Uit die Woord* ................. 7
*Spektrum* ...................... 8
*Redakteur maak klaar* .......... 9
*Oor en Weer* ................... 10
*PU is nie verneder* ............. 12

# Studente Betuig Meegevoel

**Die SSR van 1978 het op Maandagaand 'n verslagvergadering gehou. Tydens die vergadering is die nuus van dr. N. Diederiks se afsterwe bekend gemaak.**

Die volgende mosie is deur die SSR aanvaar:

"1. Dat die studente van die PU vir CHO met leedwese kennis neem van die afsterwe van Sy Edele, die Staatspresident van die RSA, dr. N. Diedericks.

2. Dat die studente van die PU vir CHO dankbaar is oor die grootse diens wat dr. Diedericks dwarsdeur sy loopbaan en veral as minister van Finansies en as Staatspresident aan die RSA gelewer het.

3. Dat die studente van die PU vir CHO hulle meegevoel betuig met alle naasbestaandes van dr. Diedericks."



## KLAG TER SYDE GESTEL

**Die klag teen Theuns Eloff wat by die Nasionale Party aanhangig gemaak is, is ter syde gestel.**

Prof. W.P. Robbertse, Voorsitter van die afdelingsbestuur van die Nasionale Party in Potchefstroom het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat daar besluit is om van die klag af te stap.

Hy sê die dagbestuur het die klag wat teen 'n lid van die Nasionale Party, mnr. Theuns Eloff, ingedien is op gebruiklike en grondwetlike manier ondersoek. Hulle het besluit om van die klag af te stap.

CORNER FRUIT STORE (Pty.) Ltd.,

Posbus 509,
Tel. 5271/2,
Potgieterstraat 81,
Potchefstroom.
GESTIG 1929.

Sakron "...c'est si bon!"

VRUGTE VIR U KIND

U IS DIT AAN U KIND SE GESONDHEID VERSKULDIG!

Laat ons eenmaal weekliks aan u kind 'n verskeidenheid van die keurigste vrugte lewer teen slegs R1-00 weekliks.

Geen aflewering tydens vakansies.

As die bestelling gekanselleer word, word vooruitbetaalde bedrae onmiddellik terugbetaal.

Gee asseblief vroegtydig kennis van enige kansellering of adresverandering.

Vul onderstaande vorm in en pos dit saam met u betaling aan bogenoemde adres vir aflewering so lank as u wil.

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

Naam van Ouer ..................................
Adres ..................................
Naam van Student ..................................
Adres/Koshuis ..................................
Vrugte wat u NIE eet nie ..................................
Ek sluit R ............ in vir ................ weke.

Wees ten alle tye verseker van ons beste diens.

**Skakel 5271 vir verdere navrae.**



*Vrolike studente lewer 'n klavierkonsert.*

*Foto: Frik Schoeman*

# Affikampus

INTER UNIVERSITÊRE REDAKSIE

## ASB SWYG EERDER

**Sekere leiers in die ASB probeer die ASB in 'n rigting stuur en die leiers wat nie daarmee saamstem nie, swyg eerder as om standpunt in te neem, het mej. Grietjie Pienaar van RAU gesê.**

Mej. Pienaar sê dit na aanleiding van 'n mosie wat deur mnr. Theuns Eloff ingedien is tydens die kongres het mnr. Cobus Bekker van RAU haar versoek om haar mosie terug te trek. Hy het as rede aangevoer dat die eersgenoemde mosie van mnr. Eloff meer omvattend opgestel was en meer aanvaarbaar vir die kongres sou wees.

Sy het geweier. Ook die president van die ASB, mnr Strauss, het haar versoek om haar mosie terug te trek omdat dit teenstrydighede sou bevat het met die vorige mosie.

Mej. Pienaar het na afloop van die kongres verklaar dat elke afgevaardigde tog die reg het om sy standpunt te stel. Sy sê dat mense minstens toegelaat word om daaroor te praat en mosies aan te neem of te verwerp.




*Drie Pukke voor die studentesentrum van UOVS tydens intervarsity. (Foto: Frik Schoeman).*

# SR-DEBAKEL

**Ongerymdhede tydens die afgelope Tukkie S.R. verkiesing was daarvoor verantwoordelik dat 'n kandidaat sy nominasie teruggetrek het.**

Mnr. Pep Joubert het inligting aan die "Hoofstad" verskaf waarin dit ondermeer gepubliseer is dat hy pas uit die buiteland teruggekeer het.

Die Hoofstad ontken dat hulle bewus was van die gebruik van die blad as verkiessingsset en dat die inhoud van die berrig van alle waarheid ontbloot was.

Die berig is prominent op die vooraand van die verkiesing geplaas. Hierin word beweer dat hy Suid-Afrika se saak gestel het en sodoende Suid-Afrika beeld probeer uitbou het.

Die Hoofstad ontken dat hulle bewus was van die gebruik van die berig as verkiesingsset en dat die inhoud van die berig van alle waarheid ontbloot was.

Volgens Die Perdeby is die verkiessingsset gekenmerk deur leuens en dat die hele petalje slegs daarop uit was vir die persoonlike gewin van mnr. Joubert.



*Pep Joubert wat bedank het.*

## *Buitemuurse studente sukkel*

**Om meer tyd aan buitemuurse studente op RAU te bied, gaan die onderrigprogram drasties verander word.**

60,7 persent van die studente wat hul studies gestaak het, het aangevoer dat hulle beroepe nie genoeg tyd vir hulle studies laat nie. Volgens RAU se nuwe metode sal na-uurse studente nou in sekere kursusse hulle dosente elke veertien dae formeel vir periodes van honderd minute ontmoet.

Die klasse sal ook 'n ruim uur vroeër ten einde loop.

## *Geld vir swart leerlinge*

**Die Tuislanddienskomitee het R800 begroot vir beurse aan Swart leerlinge. R400 is reeds toegeken aan altesaam 16 leerlinge van skole in Pretoria. Leerlinge is deur hul skoolhoofde aanbeveel vir die behoeftigheidsbeurse. Die ander R400 sal nog toegeken word.**

Na 'n besoek aan die Letabaskool vir serebraalverlamdes tydens die ASB tuislandtoer het die Tukkies besluit om 'n geldelike bydrae tot die skool te maak.

Die Tuislanddienskomitee is 'n subkomitee van die Sentrale Ontwikkelingshulpkomitee.



*Piet Jas!!?*

# EMOSIONELE POLITIEK

**Daar is 'n tendens na 'n oorkoepelende nasionale bewussyn volgens 'n meningsopname wat deur die Departement Staatsleer van Maties gemaak is.**

Die meningsopname het verder getoon dat daar 'n latente onsekerheid oor studente politieke aangeleenthede bestaan en dat vir al Afrikaanssprekende studente geneig is tot onkritiese aanvaarding van die status quo.

Partyondersteuning berus op 'n sterk emosionele grondslag en nie op rasionele denke nie, volgens die opname.

Die akademiese studierigtings hou verband met die houding van studente ten opsigte van aktuele vraagstukke. Daar is gevind dat die meeste Teologiese en Natuurwetenskaplike studente deurgaans konserwatiewe-behoudende standpunte huldig terwyl die ander Fakulteite 'n meer verligte standpunt inneem.

Volgens die opname aanvaar die Afrikaanssprekende student eerder as om te bevraagteken.

Daar is 686 studente waarvan 12 persent Engelssprekend was, by die opname betrek.

**PRO REGE**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

**Tomstraat 86 Potchefstroom**
**TEL. 8875**

## Tukkies ontduik AVB

**By 450 sake ondernemings in Pretoria is dit nou vir die Tukkies moontlik om verkoopsbelasting te ontduik.**

Die Tukkies kan deur middel van 'n spesiale koopkaart aanspraak maak op afslag wat wissel van 2½ tot 40 persent. Drankwinkels, juweliers, slaghuise, haarkappers, restaurante, en klerasiewinkels is by die skema betrek.

Die lede wat aan die skema behoort ontvang elk 'n spesiale koopkaart.

## *SR-"Sirkus" op Maties*

**Slegs 17 kandidate staan vanjaar vir die 13 portufeuljes op die Matie-SR.**

Die "sirkus" het op Maandag 21 Augustus plaasgevind waarop die SR-voorsitter, mnr. Aspeling, sy jaarverslag voorgehou het.

Die teleurstellende aantal kandidate moet as waarskuwing vir die Maties wees om nie weer die SR te bevraagteken nie.

Die Maties het self 'n aandeel daarin volgens Die Matie, studentekoerant van die Stellenbosse Universiteit.

HUIS EN TUIN

Die winkel vir die student

SPESIALE DIENSTE

Haardroeërs teen R7,95
Droogskoonmaak

BAIE SPESIALE PRYSE!!

# RASSE SKULDIG AAN MEERDERWAARDIGHEID

**As die Afrikaner hom in 'n nuwe tydvak wil bly handhaaf, moet hy die beginsels van oorlewingspolitiek in gedagte hou: hy moet sy geslotenheid prysgee en groter verdraagsaamheid teenoor kritiek vertoon.**

Mnr. Cas de Villiers (Assosiasie Internasionaal) het in 'n referaat oor Rassisme: Wie is skuldig? gesê dat die ganse mensdom skuldig aan rassemeerderwaardigheid is.

Vandag is SA die vernaamste slagoffer van die kruistog vir menseregte. Die volgende is die redes:

- veral die wetboek-diskriminasie in SA;
- die sosialistiese wêreld se simpatie wat by die werkersklas lê en wat SA betref, is die werkersklas ook nog gekleurd (in kontras met die lewensstandaard van wittes in ons geïndustrialiseerde samelewing).
- selektiewe moraliteit.

In terme van menslike lyding, ontbering en ellende is die sg. Suid-Afrikaanse rasisme by verre nie dieselfde as rassemoorde in Burundi, Ethopië, Nigerië, ens. nie. Tog neem die rassisme in SA erger dimensies as die rasse-oorloë vanweë die kleur element en wetboekgestalte daarvan.

Volgens prof. F.A. van Jaarsveld het die Afrikaners hulle as 'n "uitverkore" volk beskou, veral vanweë:

- die isolasie in die 19e eeu in die Boererepublieke-
- die verdediging teen Britse imperialisme-
- die Afrikaner-opposisie teen 'n regering (Botha en Smuts) wat verdink is daarvan dat identiteit, taal, kultuur van die Afrikaner aan Engelstaliges en anderkleuriges blootgestel word.

Die Afrikanerdenke is grootliks dié van 'n klein Gideonsbende wat moes stry teen oorheersing van getalle en heidene. Vandag egter bevind die Afrikaner hom in 'n na-koloniale situasie waar geformaliseerde skeidingswette as blatante rassisme en diskriminasie veroordeel word.

Dus moet die Afrikaner 'n "infrastruktuur" vir goedgesindheid bou, veral in die lig van groeiende aspirasies onder die anderskleuriges en hul eise vir erkenning van hulle regte, menswaardigheid en gelykheid. Ons moet wetboekdiskriminasie uitwis om die meerderheidsteun van gematigdes en binnelandse aanvaarding van verskillende volksgroepe te kry en ons vriende in die westerse wêreld se standpuntstelling te help versterk.

Maatreëls wat voorheen Afrikaner-identiteit moes handhaaf en wat ten koste van ander se identiteit van stapel gestuur is, kan nou die grootste enkele bedreiging vir juis Afrikaner-identiteit word. Om dit te verhoed, moet hervorminge aangebring word.

Hierdie proses moet met meer blatante publisiteit gedoen word (met minder party-politieke inhibisies). Daar moet minder verdoesel word wanneer dit kom by sake soos die deel van geriewe met anderskleuriges, of diskriminasie op die terrein van sport, teater en arbeid. Dit moet nie beskou word as integrasie of as 'n eksperiment of blote Blanke gasvryheid nie. Situasies van gemengdheid moet aanvaar word sonder die aftakeling van die afsonderlikheidspatroon. Gesamentlikheid moet naas afsonderlikheid uitgebou word. Kritici moet ook nie afgemaak word as dislojale verraaiers nie.

Om die een-man-eenstem-aandrang te kan afweer, moet ons houding teenoor ander rasse in SA nie 'n verenigde swart en gekleurde front teen 'n gemeenskaplike wit vyand bewerkstellig nie. Hul nasionale aspirasies moet gehuisves word, hul strewe na menswaardigheid en gelyke behandeling moet inhoud verkry en daar moet géén sprake van geformaliseerde rassisme wees nie.



# Theuns gesels oor 1979

*Theuns glimlag die nuwe termyn binne*

**Mnr. Theuns Eloff, nuwe SSR-voorsitter, sê hy wil beter begrip van die studente se probleme by die boonste beherende vlak teweegbring.**

Theuns het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat dit moeilik sal gaan met al die hooi op sy vurk, maar dat hy dit sal kan beheer. Die nuwe poste van Adjunk- en Vise-voorsitter sal sake verlig. Hoewel hy sy ASB-presidenteskap ondergeskik stel aan die van sy SSR-voorsitterskap, eis dit sy rugbyloopbaan. Hy het besluit om op te hou rugby speel omdat hy baie naweke weg sal wees.

Theuns het gesê dat daar eerskomende naweek 'n seminaar gaan wees waar studenteprobleme soos ontspanning en onbetrokkenheid op verskeie vlakke gediagnoseer sal word. Die hele studenteraad sal dan dink oor die probleme en doelwitte stel om te kan sien hoe geslaagd hulle oplossing is.

Om kontak tussen die massa en die SSR te verbeter is besluit om 'n nuusbrief na elke monstervergadering en SSR-vergadering te laat verskyn. Theuns het ook gesê dat Die Wapad ingespan sal word om verslag te doen vir SSR-vergaderings. Hier het hy iets in gedagte soos die PU-Kaner se rubriek, "Van die Rektor se Tafel."

Theuns dink dat daar 'n langtermynplan met sport nodig is. Nie net op rugbygebied nie, maar ook op ander sportvlakke. Dit kan volgens hom deur sportopleiding en veral ook werwing van sportmanne en -vroue verbeter word.


Theuns het gesê studenteraadswerk is baie gestruktureerd. Daar is baie sleurwerk wat gedoen moet word en wat nie raakgesien word nie. Hy is van voorneme om dit goed te doen, maar wil ook graag hê dat daar na nuwe velde van ontginning gesoek moet word. Hy is van mening dat dit na vore sal kom by die seminaar wat eersdaags gehou sal word.



*Theuns Eloff, voorsitter van die SSR*



*Jan-Louis du Plooy, adjunkvoorsitter van die SSR*



*Deon Breed, vise-voorsitter van die SSR*



*Daan de Kock, sekretaris van die SSR*



*Christo Schwellnus, penningmeester van die SSR en voorsitter van die Koshuisraad*



*Adriaan van der Walt, addisionele lid van die dagbestuur van die SSR*



*Siegfried Eiselen, SSR-lid vir Politiese Raad*

# Nuwe Dagbestuur

**Die dagbestuur van die SSR is verlede week tydens die konstitueringsvergadering van die nuwe SSR aangewys. Die ander portefeuljes is by die ter perse gaan nog nie aangewys nie.**

Die nuwe dagbestuur is Theuns Eloff as voorsitter en Jan-Louis du Plooy as adjunk-voorsitter. Die nuwe pos van vise-voorsitter word gevul deur Douw Breed.

Die nuwe sekretaris is Danie de Kock. Die ou sekretaris, Zoks Schwellnus, is deur die SSR aangewys as die penningmeester vir die nuwe termyn. Adriaan van der Walt is aangewys as die addisionele lid vir die komende termyn.

Die verkiesing van Douw Breed as vise-voorsitter het veroorsaak dat Siegfried Eiselen in Douw se plek aangestel is as SSR-lid uit Politiese Raad.






*Die vroulike Pukke én die vroulike Pukke: besig om Bloemfontein stormender hand te verower!* *Foto: Frik Schoeman*



*Damesblad Damesblad Damesblad Damesblad*

# PLAASKIND WORD SSR-LID

**Voor my sit 'n (soos sy dit self sê) Koster-plaaskind. En ons gesels oor diep dinge: Van rêrig menswees tot by Beethoven se Vyfde! Sy praat nie baie nie, ook nie uit haar beurt nie, maar met 'n kalmte en rustigheid wat sy beweer wat sy op die plaas leer kry het. Magdel van der Walt is op Koster gebore daar het sy haar eerste rapport gekry en later op Koster Hoërskool haar eerste kys. Op skool was sy prefek en lief vir hokkie.**

Van daardie tyd was sy al doodseker dat as alles reg verloop sy eendag PU toe wil kom. Sy het oorspronklik suiwer BA studeer met Afr.-Ned. en Sielkunde as hoofvakke. Sy beskou egter haar BA-graad slegs as 'n trappie op die leer om eendag iets groots te bereik. Sy swot op die oomblik HOD en sê dat dit 'n groot aanpassing is na haar graadjaar. Sy beskou dit as noodsaaklik dat sy as vrou haar loopbaan so kies dat sy eendag iets het om terug te val. Haar ideaal om eendag 'n kliniese sielkundige te word, word van volgende jaar af bewaarheid: sy is van plan om Honn. Sielkunde te swot.

Magdel het geen voorkeure wat klere betref nie – ook nie spesifieke fieterjasies as dit by skoene kom nie. 'Doodgewoon' is haar kommentaar. Van een ding is sy darem baie seker en dit is dat haar geliefkoosde kleur blou is. Sy hou van klassieke musiek en verafsku Boeremusiek; het geen skrywer waarvoor sy haar groottoon sal gee nie en kla dat sy min vrye tyd het. Waarvoor sy wel een van haar ledemate sal gee is vir haar ma se boontjiebredie!

Magdel was in 1978 primaria van Klawerhof en beskou die posisie as 'n voorreg. Sy het geweldig baie geleer: veral hoe om met mense te werk en mense te leer waardeer. Sy het nooit kon droom dat sy op die SSR sou kom nie: 'dit het my stoutste verwagtinge oortref!'

Magdel praat graag oor menwees; sy wil veral daarteen waak om mens-ding te word. Sy wil nederig bly deur te dien. Haar boodskap aan al die PU-dames is dat hulle betrokke moet raak by die dinge wat om hulle gebeur, sonder om te dink dat hulle hul vrouwees verloor in die proses.

Die 'hy' in haar lewe moet 'n sterk man wees met nadruk op die sterk en sonder enige minderwaardigheidskomplekse! Magdel is 'n meisie wat hou van rose en blou tandeborsels – dis die eintlike Magdel.



*Magdel van der Walt – een van die nuwe dames op die SSR*

# *Om te Rook ... of liewer op te hou*

**Dit is nie sommer maar dat die medici aanhoudend praat en baklei teen diegene wat rook en veral dan teen die Eva-geslag nie en dit is ook nie sommer 'n modegier dat almal so gesondheidsbewus is nie.**

Reeds in 1604 het James I, die koning van Engeland, 'n deklarasie uitgevaardig dat tabak 'n afstootlike reuk besit, skadelik is vir die brein en die stink dampe is die naaste aan die rook van die hel! In die sestiende en sewentiende eeu het die regeerders selfs so ver gegaan om alle rokers met die doodstraf te straf!

Tog, ten spyte van al ons voorvaders se dreigemente is daar in ons midde meer rokers as ooit tevore – is dit die gejaagdheid se skuld? Die verskillende spanninge wat ons wil oplos deur om soos 'n drenkeling aan 'n sigaret te suig? Nikotien is so giftig dat as 'n mens twee of drie sigarette sou opeet jy a.g.v. die gif daarin sou sterf. Dit affekteer die brein, hart en veral die longe. Die hoeveelheid nikotien wat nodig is om 'n volwasse persoon te vergiftig is 60 tot 120 mg. As 'n persoon een sigaret rook asem hy 2 mg nikotien in. Daar is baie sterfgevalle jaarliks wat die gevolg is van nikotienvergiftiging.

Die Amerikaanse Kankervereniging het bevind dat matige rokers wat tussen 10 tot 15 sigarette per dag rook vyf maal meer geneig is om longkanker te kry; strawwe rokers se kanse is 25 maal meer as die van die nieroker. Tabak veroorsaak pyn en druk op die hart, veral as dit reeds beskadig is deur bv. trombose. Dit is ook verkeerd om te dink dat rook die spysverteringsproses aanhelp – dit irriteer juis die proses!

Wat die heel ergste is van die hele rookgewoonte is dat jy sommer vir die grap by 'n maat proe en dan, om nie 'uit' te voel nie nie, aanhou rook! Dit laat beslis 'n merk op jou vel, hare, tande en hande. So, voor jy volgende keer toelaat dat daar vir jou 'n sigaret opgesteek word – dink weer en sê ewe kasueel "nee dankie!"

# KONTAK VERGADER

**Kontak het op 17 Augustus 'n stigtingsvergadering in die Geologie-gebou gehou. Mev. Frieda was die spreekster by die geleentheid en het die dames teenwoordig eers ingelig wat 'Kontak' presies is. Dit is 'n vroue-organisasie wat hom ten doel stel om skakeling en kontak tussen die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika te bevorder en om sodoende onderlinge verhoudinge en begrip te verbeter. Dit is hoegenaamd nie 'n party-politieke organisasie nie en is ook nie 'n kerk- of welsynsorganisasie nie.**

Die organisasie het in 1975 ontstaan nadat 'n groep maatskaplike werkers Alexandrië besoek het. Kontak vind in 'n groot mate sy bestaan in die Swartman se stelling 'almal praat van ons en oor ons maar selde met ons; ons is nie deel van die besluite oor en beplanning van die dinge wat ons raak nie.'

Kontak se doelstellings is om deskundige voorligting en inligting insake lewensomstandighede en -houdings van die anderskleuriges binne bereik van sy lede te bring, met die oog op groter onderlinge begrip en beter verhoudinge tussen die onderskeie groepe. Daar vind maandelikse vergaderings plaas waartydens witen swartoutoriteite oor spesifieke aspekte van ander bevolkingsgroepe praat.

Hoewel die vergadering op die kampus gehou is was daar baie min studentedames. Op die terrein durf ons ons nie ons lyf wegsteek nie. Vir enige verdere inligting kontak: Die Sekretaresse, Johannie Meintjies
Posbus 51704
Randburg 2125

*Druk die Akademie*

# Swartstudent loof PU

**'n Voormalige Swart inspekteur van onderwys in Welkom, mnr. R.J. Mokotjo, is tans besig met 'n meestersgraad in Kriminologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

Mnr. Mokotjo doen sy meestersgraad met Engels as medium. Die tesis handel oor Anomie in Swart jeugdiges. Die proewe word almal gebaseer op die voorkoms van anomie by Swart seuns. Mnr Pienaar is die leier van mnr. Mokotjo vir die duur van sy studies, siende dat hy die eintlike aantrekkingskrag agter mnr. Mokotjo se besluit om aan die PU te kom studeer, is. Sy wetenskaplike inslag en deeglike ingestudeerdheid in die vak het mnr. Mokotjo geïnteresseer.

Mnr. Mokotjo het matriek in 1950 deur private studie behaal en in 1969 'n BA-graad in Suid-Sotho en Kriminologie en in 1975 Honneurs in Kriminologie deur Unisa. Hy het oral in die Vrystaat skoolgehou voordat hy in 1964 afrikatale by die Universiteit van Kaapstad gedoseer het. In 1965 is hy aangestel as inspekteur van onderwys in Welkom en in 1974 was hy lektor by die Universiteit van Zoeloeland. In 1976 het mnr. Mokotjo 'n studiereis na Europa onderneem waar hy onder meer die Universiteite in Cambridge, Amsterdam en Groningen besoek het.

Mnr. Mokotjo sê hy is baie dankbaar vir die geleentheid om hier te kan studeer. Hy streef daarna om "gegiet te wees in die beeld van hierdie Christelike inrigting" en stel die beoefening van Christelike wetenskap as 'n begeerte van die hart voorop in sy studies. In 'n onderhoud het hy genoem dat hy die oopstelling van universiteite heelhartig steun mits dit in die gees gedoen word wat hy op ons kampus opmerk.

Hy is vol lof vir die optrede van dosente, administratiewe personeel en studente teenoor hom. Dit is sy oortuiging dat "praatjies nie gaatjies vul nie" en dat daadwerklike stappe gedoen moet word om menseverhoudinge in ons land te verbeter. Een van hierdie stappe is na sy mening die toelating van anderkleuriges tot die kampusse van wit studente.

Mnr. Mokotjo erken dat sy studies al sy kragte verg aangesien hy die hele dag lank studeer en saans dadelik gaan slaap om energie vir die volgende dag op te bou. Daarom vind hy die gebrek aan toelating tot die sosiale studentelewe geen kardinale gemis nie. Hy moet hard werk om sy studies teen die einde van hierdie jaar te kan voltooi. Sy vrou en kinders woon in Henneman in die Vrystaat terwyl hy bedags in die Bibliteekgebou op die kampus studeer en saans in Ikageng tuisgaan.

Gedurende die onderhoud met mnr. Mokotjo het sy beskeidenheid opgeval. Hy praat beide Afrikaans en Engels suiwer en sonder enige huiwering of gesoek na woorde, soos dikwels die geval met anderstaliges is.



Prof. van der Vyfer - hy gaan dalk bedank


# Prof. V.d. Vyfer bedank dalk

**Die afgelope tyd het 'n storm gedreig om los te bars oor die kop van Prof. J.V.D. Vyfer wat verbonde is aan die Departement Regte. Dit was na aanleiding van sekere uitlatings wat Prof. v.d. Vyfer oor die PU in die pers gemaak het.**

Prof. v.d. Vyfer is op die oomblik in Amerika vir 'n reeks lesings. Terwyl hy daar is sal hy ook sommer met die rektor, Prof. T. v.d. Walt gesels om te kyk of hulle nie die probleem kan oplos nie.

In 'n onderhoud wat Die Wapad met mev. v.d. Vyfer gevoer het, het sy gesê dat haar man beslis nie in Amerika sal agterbly nie aangesien hy nog 'n paar hofsake het om af te handel asook twee boeke om te skryf. Hy keer reeds die 5de September terug na Suid-Afrika en sal in elk geval tot die einde van die jaar aan die PU aanbly. Wat sy verdere planne betref, mag dit dalk afhang van sy gesprekke met Prof. T. v.d. Walt of hy dan verder gaan aanbly.

Spaar Krag tussen 07h00 en 10h00




Cobus Viljoen, Voorsitter van die Akademiese Raad



Pieter Odendaal, voorsitter van Korpsraad



Pieter Groenewald Voorsitter van Sportraad



Jan van Deventer, voorsitter van die Kultuurraad



Siegfried Eiselen, Voorsitter van Politiese Raad.

# Uitslae van Uitvoerende Komitees se Verkiesing

Die uitslae van die Uitvoerende komitees is soos volg:

Akademiese Raad:
Voors. - Cobus Viljoen, o/voors. - Louw van Biljon, Sekretaresse - Addelaid Ferreira, Opleiding - Neels Schutte, Evaluering - Dirk Postma, Penningmeester - Francois v.d. Walt.

Korpsraad:
Voors. Pieter Odendaal, O/Voors. Willem Fourie en Reinder Kingma, Sekretaresse Janie Pretorius, Penningmeester Freddie Snyman en Skakeling Isabel Hoogendyk.

Koshuisraad:
Voors. Christo (Zoks) Schwellnus, O/voors. Erina du Toit, Sekretaresse Carin van Wyk en Penningmeester Braam Swanepoel.

Kultuurraad:
Voors. Jan van Deventer, O/voors. Frikkie van Niekerk,, Sekretaresse Susanna Greyling en Penningmeester Hans Kempff.

Politiese Raad:
Voors. Douw Breedt, O/voors. Frits Eloff, Sekretaresse Alet Serwick, Penningmeester Frikkie van Niekerk en Voorsitter van Programvergaderings Josef Kruger.

Sportraad:
Voors. Pieter Groenewald, O/voors. André Markgraaff, Sekretaresse Nanda Barnard en Penningmeester Louis Liebenberg

Die uitslag van die verkiesing vir Fakulteitsvoorsitters is: Teologie Johann le Roux, Ekonomie Mario Pretorius, Lettere en Wysbegeerte Neels Schutte, Natuurwetenskappe Miriam Stoker en Regte Josef Kruger.

die WAPAD

# Goed en Sleg by die Intervarsity

**Die naweek het weer eens bewys dat goed en kwaad altyddeur hand aan hand gaan. Eers die goeie: dankie Pukke vir julle goeie gees. Gemeet aan die bywoning van die sing-songs die vorige week het dinge nie te rooskleurig gelyk nie. Saterdag was egter 'n hoogtepunt in die geskiedenis van die gees op die PU. Om so ver te verloor en dan nog soveel gees te hê is voorwaar 'n prestasie wat beslis agting van die publiek en miskien selfs van die Kovsies verdien.**

**Dit is jammer dat daar sulke barbaarse optredes was. Nartjiegooiery en dergelike gebruike kan met niks verskoon word nie.**

**Albei kante het skuld gehad, maar 'n mens wonder tog wie die skuldigste was. Dit is jammer dat sekere studente voor die pawiljoen gedans het – en dit ná die talle probleme wat daar onlangs op die kampus was. Op sportgebied het ons sleg verloor – daar is nou weer 'n jaar voor om reg te ruk en die Kovsies 'n ding te wys! En vir die Kovsies is daar 'n jaar om die gees te bou wat die Pukke reeds het.**

# Maties is Onbetrokke

**In die afgelope jaar was daar vele woelinge op die Universiteit van Stellenbosch. SR-lede het na 'n monstervergadering oor die verpligtinge van die SR bedank. Affiliasie by die ASB het ook weer onder die soeklig gekom. Daar was sterk verskil tussen die verskillende groepe. 'n Mens sou kon verwag dat, soos die Matie van 11 Augustus sê, baie nominasies vir die SR-verkiesing moes wees. Dit blyk egter nie dat dit die geval is nie. 'n Mens kan net wonder wat die oorsaak daarvan is. Dit kan wees dat die studente so afgeskrik is deur al die woelinge dat hulle nie bereid is om hul kop in die bynes te steek nie. Dit kan ook wees dat die aansien van die SR onder die studente só gedaal het dat hulle nie daarin belangstel om op die liggaam te dien nie. Hoe dit ookal sy, hierdie skynbare onbetrokkenheid is 'n simptoom van 'n kampuskwaal en daar kan net gehoop word dat die oorsaak daarvan opgelos sal word in belang van die Afrikaner-student.**

# Staatspresident Sterf

**Die Wapad wil hiermee sy spyt en meegevoel met die naasbestaandes van wyle dr. Diedericks uitspreek en hom ten volle met die mosie van die SSR vereenselwig.**

# WAT VAN VOLGENDE JAAR?




# Waarheen dryf SA-Ekonomie?

**Die sfeer waar die druk op Suid-Afrika die meeste gevoel word, is ons ekonomie. Elke Suid-Afrikaner, ongeag sy ras, taal of kleur word hierdeur getref. Die student word uit die aard van die saak ook geraak. Dit is dus belangrik dat ons moet besin oor die algemene aspekte van hierdie verwaarloosde politieke terrein.**

Suid-Afrika het in sy ekonomie met dieselfde probleem te kampe gehad. In sekere sektore sukkel hy nog steeds daarmee, soos alle nakoloniale Afrikastate daarmee worstel: die houvas van 'n koloniale ekonomie. Die kolonie se pitkos word teen lae pryse uitgevoer, elders verwerk en teen hoë pryse teruggekoop. Dit strek tot sy eie nadeel vanweë die agterstand wat hy op tegnologiese gebied kry. Die grootste nadeel is egter dat hy genoodsaak word om elke keer meer en meer grondstowwe uit te voer, ten einde 'n goeie gesonde ekonomiese balans te behou. Hy word hierdeur gedwing om meer buitelandse valuta te verkry om sodoende die hoëprys invoere te kan bekostig.

Gedurende die jare sestig het dit met SA goed gegaan. Dit het gelyk of hy met goud in die toekoms sou floreer – die lewensstandaard was hoog. In die jare sewentig het hierdie kortsigtige ekonomiese beleid hom egter tussen die oë getref. In plaas daarvan dat die goud-sukses gebruik is om ander sektore soos bv. yster uit die koloniale weggeegreep te kry, is te veel wins in die lewensstandaarde ingeploeg.

Toe die goudprys egter radikaal daal was daar geen alternatiewe uitvoerproduk om die pot aan die kook te hou nie. Weer eens moes SA mèèr en meer kosbare grondstowwe uitvoer om die nodige valutabalans te kry en die inflasie hok te slaan. Die korttermyn voordeel word gevolglik 'n langtermyn nadeel. Elke Suid-Afrikaner soek tog in werklikheid na langtermyn voordeel, al is dit dan eerder tot ons korttermyn nadeel!

Die goudprys is weer hoog. SA het die mense met die verstand as ons veral kyk na die wapenbedryf. Suid-Afrika moet probeer om die koloniale-greep finaal af te skud en die ekonomie 'n langtermyn ekonomie maak – te veel Russiese vyfjaarplanne werk net glad nie.

UIT NO. 13

## *SEKURITEIT IS GLO NES GESTAPO*

Die Redakteur

Mag ek begin deur te sê dat Sekuriteit 'n uiters goeie diens verrig wat baie noodsaaklik is.

Waarteen ek dit egter het, is die brutale houding van 'n groot gedeelte van die persone teenoor die studente. 'n Mens voel dikwels asof hulle soos 'n Gestapo teenoor ons, die oortreders optree. Kan hulle nie bloot hulle werk doen en basta met 'n polisiemanhouding nie? Ek beteuel myself met moeite as ek voor 'n dameskoshuis in my motor sit en 'n flits word ewe kordaat in die motor in weerkaats.

Ek wil vra dat die betrokke owerhede hierna moet ondersoek doen, asseblief.

Anti-SS

## *ADMIN KAN BY BIB LEER*

Die Redakteur

Dit spyt my om hierdie brief te skryf, maar ek hoop dat dit sal bydra om verhoudings tussen studente en niedoserende personeel van die universiteit aan die reine te bring.

Ek het dit veral teen die wyse waarop studente behandel word; veral by die diktaattoonbank. Dit wou vir my voorkom asof sommige van die personeel vasgevang sit in die burokrasie. Sonder die nommer van 'n diktaat kan jy maar vergeet om gehelp te word en géén poging word aangewend om jou enigsins tegemoet te kom nie.

Aan die anderkant wil ek graag die personeel van die biblioteek bedank vir hulle welwillendheid en hulpvaardigheid. Dis 'n voorreg om deur blymoedige mede-Christene gehelp te word.


# Redaksie

**Hoofredakteur:** Frikkie Odendaal; Van Rooystr. 45
**Assistent-Hoofredakteur:** Jan Kroeze; Klooster 3468/ 22151/ 22246
**Verspreidingshulp:** Louis van der Linde; Hennie Jacobs
**Redakteur Rade en Inter-Universitêr:** Kierie du Rand; Uniehuis 22154 Piet Gouws, Luzette Botha, Jan Henning, Melanie Hornabrook.
**Nuusredakteur:** Jaco Pretorius; Bus 20310 Noordburg. Thomas Kruger, Mariëtte van der Walt
**Redakteur Manskoshuise:** Lourens du Plessis; Caput 22371/3375/3376
**Redaktrise Dameskoshuise:** Diana Roestorf; Vergeet-my-nie 5211/5212
**Sportredakteur:** Nico van der Westhuizen; Hombrê 7996/ 23915 Antoon Rheeders
**Sportredaktrise:** Lollo Claasen Dorp 6017; Mariaan Slot; Alta de Korte
**Damesbladredaktrise:** Leenster Pasch; Klawerhof 22037/ 22119/ 22163 Anne-Marie Jacobs
**Kunsredaktrise:** Millie d'Assonville; Dorp 6574; André Howard
**Tegniese Redakteur:** Renéé Purén, Marietjie Eloff.
**Redakteur Vaaldriehoek:** Koos Pretorius.
**Fotoredakteur:** Jaco Pretorius, Bus 20310 Noordburg.
**Fotograwe:** Frik Schoeman, Paul Slot.
**Sekretaresse:** Marlian Kritzinger; Vergeet-my-nie 5211/5212
**Penningmeester:** Paul Slot; Dorp Amajuba 23429
**Spotprente:** Mynderd Vosloo; Caput 22371/3375/3376; Annelie Willemse
**Advertensiebestuurder:** Buks Steenkamp; Liberalia 22129

# *Uit die Woord*

I Sam 13:6 "En hy (Saul) het die brandoffer gebring."

Saul en Jonatan trek op teen die Filistyne en kom in Gilgal. Daar moes hy, volgens die bevel van God, vir Samuel wag en dié sou hom sê wat hy verder moet doen. Intussen moet hy wag en gehoorsaam wees aan God se bevel.

Sy situasie is egter van so 'n aard dat die Filistyne gereed staan om hom aan te val. Sy soldate is bang en begin verstrooi raak, dit wil sê dros. Die volk is bang - hulle vlug en kruip weg in spelonke, grotte en bosse. Maar Saul moet wag. Hy kan nie aanval nie. Hy moet vir Samuel wag. Meer nog: ondanks hierdie haglike omstandighede moet hy volhard, hy moet uithou en wag, sewe dae lank.

Die situasie word vir Saul te benouend en te ernstig in sy oë. Dit kan nie langer so aanhou nie, hy moet iets doen. Kyk net wat gebeur alles. Toe besluit Saul: dan sal ek maar self offer, al is dit teen God se bevel. In plaas daarvan dat hy miskien die soldate kalmeer en bymekaar probeer hou, besluit hy om self te offer. Dit mag dalk vroom lyk dat hy besef dat hy nie sonder God die Filistyne kan aanval nie, maar God eis nog steeds gehoorsaamheid, naamlik, volhard en wag op My.

Saul offer self. Hy was skaars besig toe kom Samuel. Daardie laaste bietjie uithouvermoë en volharding het ontbreek. Samuel vra dadelik: Wat het jy nou gedoen? Ondanks Saul se verduideliking antwoord Samuel dat hy dwaas gehandel het en spreek God se oordeel uit: hy sal nie meer koning wees nie.

Saul het nie voluit volhard en op die Here gewag nie. Hy het homself sterk gehou en op eie kragte staat gemaak. Hy het teen God se bevel opgetree. Hy het self die offer gebring.

Hy het op homself staat gemaak, in plaas van om op God te wag. God gee uitkoms, al lyk dit hoe benouend. God sal sy belofte gestand doen. God laat nie sy kind aan homself oor nie. Hy beproef jou nie bo jou kragte nie! Hy sal uitkoms gee. Hy eis egter volle gehoorsaamheid, volle verharding en afwagting op die Here. Hy sal redding gee, al lyk dit ook hoe benard.

Wat God van Saul eis, dit eis Hy ook van ons. Hy eis van ons ook: volhard en wag op die Here. Hoe baie keer is ons ook maar soos 'n Saul nie? Ons neem dinge in ons eie hand en hou ons sterk.

Tog, al lyk dit hoe benouend soms vandag in die twintigste eeu ten opsigte van persoonlike sake, of die politiek, enigiets - weet dit: Iemand kan voluit volhard. Hou aan Hom vas. Hy het alles volbring. Dit is Hy, ons Verlosser, Jesus Christus wat gebid het: As dit U wil is, laat hierdie beker by my verbygaan. Maar Hy het Sy lydensweg voluit bewandel. Hy het aan die kruis gesterf, helse smarte ondergaan in ons plek. Maar Hy het ook opgestaan en alles volbring vir diegene wat waaragtig in Hom glo.

In Hom alleen kan ons waarlik volhard en wag op die Here. In onsself is ons nie daartoe in staat nie, soos Saul uit homself dit nie kan doen nie. Maar God se eis is bly: volhard en wag op die Here.

# *Wat is Wat - deur Wie Weet Wie*

**San se Resensie**

Jy!

Susanne is eintlik die naam, maar beskou hierdie gifspoegie as komende van San. Waaroor het my speekselkliere (lagspiere?) tog so oortyd gewerk? sou jy wou weet: ek het die verlope weke die Baadjiedraers, die Sigarette- (en glimlag-) uitdelers, oftewel die aspirerende SR-kandidate, dopgehou.

Ek sal maar net die hoofspelers neerpen: Drienis te Lof, die slapperige lange, het die kerf weer eens net-net gehaal, maar sy teenstander, Gouw Broodt, is ook beloon. Drienis se dooierige tweede-in-bevel-op-linkerhand is Lewies Janlooi. Dedaan Block is die hoofneerskrywer; Trisko Dikkernoes is uit jammerte vir sy geldnood ook toegelaat op die verhoog. (On)Bekendes is ook weer daar: Jota Boutjes, Bruiman Depein (hoekom spreek hy nie 'n dokter vir sy pein nie?) en Ydie Wannervalt. Verdere smartvolles is: Bert-piet Kortjou, Niepa-rio TP-us (tiepies) Geert Bred, Ketrie de Korps, Gits Frepolov (fre-e-pol-lov), Andires Vanniewal (reeds in die sloot?) en Friegsied Yselende.

Die grootste treurmare is die rokgoed: Dagdel Vannermalt, Are-Mannie Yeskops en Spasch Ter Leen (Spass (duits) = grap).

Oor hierdie rariteitversameling kan ek wat San is net rittelsug: ai, die Hollanders darem . . .

Susannasan.




*Die Pukke - wenners op die pawiljoen.*

# Doen aansoek vir 'n Wapadpos

**Heelwat poste sal op die nuwe redaksie beskikbaar wees. Die nuwe redaksie sal eersdaags aangestel word en begin funksioneer. Aansoeke sluit 28 Augustus.**

Die volgende poste sal beskikbaar wees:

NUUSREDAKTEUR, twee assistent-nuusredakteurs en agt verslaggewers.

INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR, een inter-universitêre assistent-redakteur en vier verslaggewers.

RAADSREDAKTEUR, een assistent-raadsredakteur en 'n verslaggewer op elke raad

DIEPTEARTIKELSREDAKTEUR en een assistent-diepteartikelsredakteur

KUNSREDAKTEUR, een assistent-kunsredakteur en vier verslaggewers

DAMESBLADREDAKTRISE, een assistent-damesbladredaktrise en vier verslaggeefsters.

KOSHUISREDAKTEUR, twee assistent-koshuisredakteurs (een dame vir dameskoshuise en een man vir manskoshuise) een verslaggewer uit elke koshuis

SPORTREDAKTEUR, twee assistent-sportredakteurs (een dame vir damessport en een man vir manssport) en agt verslaggewers

VAALDRIEHOEKREDAKTEUR en gekoöpteerde lede

FOTOREDAKTEUR, een assistent-fotoredakteur en agt fotograwe

TEGNIESE REDAKTEUR, een assistent-tegniese redakteur en 12 bladversorgers

VERSPREIDINGSREDAKTEUR, een assistent-verspreidingsredakteur en agt verspreiders


OPLEIDINGSREDAKTEUR, SEKRETARIS, PENNINGMEESTER, SPOTPRENTEKENAAR, REKLAMEBESTUURDER.

Aansoekvorms moet vergesel wees van die volgende inligting: naam, adres, ondervinding en die pos waarvoor aansoek gedoen word.

'n Keurkomitee sal onderhoude voer met alle aansoekers en onmiddelik ná goedkeuring deur die Administratiewe Raad, sal die redaksie begin funksioneer.

Die ou redaksie sal die nuwe redaksie vir 'n paar uitgawes behulpsaam wees voordat hulle selfstandig oorneem.

Dames en mans kan vir enige pos aansoek doen.




# Digters en Wapad hou Dinee

**Die jaarlikse afskeidsfunksie van die Wapadredaksie is vanjaar op hoë noot met 'n kaas-en-wyn geselligheid uit die boonste rakke afgesluit. Hierdie feestelike geleentheid is met die bekendmaking van die wenners van die poësie-kompetisie gekoördineer.**

Rudolph Willemse, die wendigter



Die prys van vyftig rand is deur Tafelberg-uitgewers geskenk. Dit is gedeel deur mej. Ina Pretorius, wat die prys vir die wengedig ontvang het, en mnr. Rudolph Willemse, wat as die wendigter aangewys is. Mnr. Labuschagné het die prysgeld namens Tafelberg oorhandig.

Daleen Kruger, Renéé Purén, Johan Myburg en Magriet Ueckermann het boekpryse ontvang wat deur NG-kerk Boekhandel, Pro Rege en Wesvalia geskenk is. Die boekpryse van elk tien rand werd.

Prof. T.T. Cloete, mnr. Jan Swanepoel en mev. Netta Schutte was die beoordelaars van die 76 inskrywings wat vir die kompetisie ontvang is. Hulle het aanvanklik individuele beoordeling van die gedigte toegepas. Later is die gesamentlike keuses bespreek en die wenners aangewys.

Die poësie-kompetisie is deur Die Wapad in samewerking met Skrywerskring gehou. Die lede van Skrywerskring was ook teenwoordig op die geselligheid. Danksy die bydraes van Corner Fruit Store en Elgro (en die vindingrykheid van die organiseerders) was dit 'n geleentheid om te onthou.

## DIE WENGEDIG VAN DIE POËSIE-KOMPETISIE

"... a lovely state of free proud singleness which accepted the obligation of the permanent connection with others, and with the other, submit to the yoke and leash of love, but never forfeits its own proud individual singleness, even while it loves and yields"

(D.H. Laurence: Women in Love.)

DEUR 'n SPIEËL IN 'N RAAISEL

En kyk ek het gesien
Twee wat loop
Op die bibberende horison
Die onbekende in
Mekaar in soos in 'n lugspieëling in
Altyd nou
En die eerste dinge het verbygegaan
Bibberend uit die droë grond
Het 'n knoppige stam begin groei: hier:
Voor die voete van die wandelaars
By die geur van weerlig

Ek het gesê
Vir die wind want ek was alleen
Met die wind die son die klippe
Ek ween en wil nie vertroos word nie
Ek beween my kinders
Omdat hulle daar nie meer is nie
My stem was in die wind onder die son
Het oor die klip geween soos die wind
Skroeiend oor 'n swart grond

En daar was 'n stem in die wind
Het gesê uit 'n ver plek
Soos een wat lank wind gehoor het
O, o. . .ja kyk na my trane. . .selig. . .
Bly daar want ek is heilig vir jou
Die stem of myne
Bly daar bly
Want ek is heilig heilig

En die son was rooi
Soos 'n vuur wat die hele dag brand
Die wind soos rook in U neus
Ek kon die heilige berg nie sien nie
So bibberend was die son
Geen wolk
Die stem was stil
En ek het geswyg van skreeu
So grys was die wind

Na seisoene in die dooie klip
Het die tak begin groei
Pynlik voor die voete van die stem en my stem
Onder die son in die grys wind

En kyk daar was die een uit die ver plek
en die stam het koelte gegee
Kyk dit was 'n boom
Ek sien die klip
En dit was baie goed
Dié wind en dié son

Aber des Herrn Wort bleibet
Bleibet im Ewigkeit
Genade barmhartigheid en vrede
Tot in ewigheid AMEN

En die stem het oor die ver klippe
Na my toe aangekom
En kyk ek het gesien
En die stem het my by die naam genoem
Ek het gesê
Dit is baie goed
En daar was dou op die berg
Geurig soos heuning
Die geluid van voëls ons fluitstemme
Selig. . .
Selig sind sie die da Leid tragen
Denn sie sollen getröstet getröstet werden

Daar het 'n seraf aan my ore geraak
Bly hier
Want ons is heilig vir U
En sing 'n nuwe lied

*Ina Pretorius*

## CINE BIED AAN:

Vrydag 25 Augustus: **Three days of the Condor** met Robert Redford en Faye Dunaway in die hoofrolle. Dis 'n spannende verhaal waarin Turner (Redford) die rol van 'n skrywer by 'n Amerikaanse letterkundige historiese vereniging speel, terwyl dit eintlik 'n CIA-agentskap is. Een middag word al sy kollegas vermoor terwyl hy weg is. Turner identifiseer hom as "Condor" en vertel wat gebeur het. By 'n ontmoeting met twee ander agente word op Turner geskiet en hy wond Wicks (Michael Kane). Turner dwing Kathy (Dunaway) om hom te versteek in haar woonstel.

Intussen weet direkteur Higgins nie wat met Turner gebeur het nie. Ook word Joubert (Max von Sydon) versoek om Turner en Wicks stil te maak.

Saterdag 6 Augustus: **The Deep.** Die hoofrolle word deur Nick Nolte en Jacqueline Bissit vertolk. Die verhaal speel hoofsaaklik onder die see af, waar hulle diepseeduik en op ampules met heroïn afkom. Omdat hulle nie seker is wat dit is nie, neem hulle dit na iemand op die eiland en hy vertel vir hulle van die smokkelaars. Saam besluit hulle om die smokkelaars vas te trek, maar die smokkelaars het ook planne gehad. Robert Shaw speel ook sy rol meesterlik.

Woensdag 30 Augustus: **Julia** met Jane Fonda en Vanessa Redgrave in die hoofrolle. Die vriendskap tussen twee vriendinne word vanaf hulle jeugjare uitgebeeld. Later draai Julia teen die Nazi's en raak in politieke opstande betrokke. Haar organisasie benodig geld dringend en Lucy is nog steeds bereid om Julia te help ten alle koste.



*Ina Pretorius, wat die skryfster van die wengedig is.*

# *Spektrum Kalender*

**Musiek:**
30/8/78 om 20h00 - PIETER DANIEL, van New York, jong Suid-Afrikaanse violis wie se opgang in die uiterste mededingende, internasionale musiekwêreld, met niks minder as meteories beskryf kan word nie. Sy selfversekerde spel word deur kristal-heldere intonasie en loutere briljantheid en musikaliteit gekenmerk, getemper deur beheersdheid. Sy begeleier is die ewe-vermaarde, Wolfgang Wagenhäuser. Konservatoriumsaal.

**Kuns:**
tot 26/8/78 - Tentoonstelling van grafiese werke, waterverwe en beeldhouwerke van **Chris Spies** in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit-gebou.

vanaf 5/9/78 tot 19/9/78 - Retrospektiewe tentoonstelling van Gregoire Boonzaier in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit-gebou.

**Drama:**
11/9/78 tot 15/9/768 - Sjordé: Die Sandkis - E. Albee. Regisseur: Teunis Botha.



*Een van die ses oorspronklike getekende linoleumsneë, wat deel vorm van Gregoire Boonzaier se Ou Kaapse-portefeulje. Die Ou Kaapse-portefeulje, waarvan die oplaag beperk is tot 300 eksemplare, vorm deel van die kunswerke wat van die kunstenaar te koop aangebied gaan word. Die uitstalling word aangebied deur die Departement Ontwikkeling van die PU vir CHO*

# Redakteur maak klaar

**Frikkie Odendaal, redakteur van Die Wapad, wat pas begin werk het ná hy sy studies in Junie suksesvol voltooi het, het in 'n onderhoud gesê dat hy die jaar besonder baie geniet het.**

Die lasteraksie teen Die Wapad kan as 'n hoogtepunt beskou word, het mnr. Odendaal gesê. "Dit is opwindend om op te hou as redakteur met die wete dat daar 'n lasteraksie aan die gang is." Die Verkiesingswapad was die eerste Wapad met 16 baalie en dus ook 'n hoogtepunt.



*Frikkie Odendaal, uittredende Wapadredakteur. Foto: Paul Slot*

"Dit is miskien wintie om te sê, maar ek dink die standaard het in die afgelope jaar wel verhoog. Tog is dit nog nie wat dit moet wees nie", het hy gesê.

Dit was moeilik om altyd aktueel te wees. Die koerant verskyn tweeweekliks. Die jongste nuus is 'n week oud. Die koerant kan nie later sak nie. Daar is gepoog om die diepteartikels en politiese perspektiewe so aktueel moontlik te hou. Dit is moeilik om politiek in 'n studentekoerant te skryf. Die Wapad het volgens mnr. Odendaal egter probeer om die studente op die gebied van party- en studentepolitiek te aktiveer.

Mnr. Ondendaal het gesê dat die grondwetlike verandering by Die Wapad noodsaaklik was. Die redaksie was te klein en die lede het baie hard gewerk. Meer mense sal nou minder werk; meer lede op die redaksie bring ook meer nuus is. Daar sal nou meer tyd vir die akademie wees.

Die blad is goed gelees – dit kan gemeet word aan die reaksie wat ontvang is. Die brieweblad het die afgelope termyn 'n geweldige opbloei beleef.

Frikkie is van mening dat koshuisblad uitgegooi kan word daar die samewerking van die koshuise nie goed is nie.

Die koshuisberigte was baie swak en het nie gereeld ingekom nie. Dít was nie die koshuisredakteur en -redaktrise se skuld nie. Koshuisblad kan voortbestaan as dié probleme opgelos word.

Daar was min advertensies omdat dit moeilik is om dit in Potchefstroom te werf. Dit hou ook voordele in. Dit was lekker om so baie plek te hê vir berigte en foto's. Die Wapad is 'n leesblad en nie 'n advertensieblad nie.

Frikkie sê dat daar meer sinvolle artikels as voorheen in damesblad was. "Tog was daar nog tradisionele damesbladberigte soos 'onthou jy nog die dae'".

Min geld het meegebring dat daar nie kleur gedruk kon word nie, maar dit bly 'n ideaal waarna gestrewe kan word, aldus Frikkie.

Die Pukke het oor die algemeen goed saamgewerk met die verspreiding van die koerant. Hulle het ook gesorg vir genoeg nuus soos byvoorbeeld die trompoppiedebakel.

Die koerant is wel die mondstuk van die SSR omdat hulle dit finansier. Die uittredende redakteur sê dat dit nie die redaksie weerhou om geregverdigde kritiek teen die SSR uit te spreek nie. 'n Mens moet iets beters in die plek kan stel as jy kritiek wil lewer.


## Nou lê jou goeie jare voor.



Daar's 'n kans om jou loopbaankeuse by die Staatsdiens uit te bou. Hier wag verskeidenheid en werkbevrediging op jou.

Die Staatsdienskommissie kom besoek die kampus binnekort om meer hiervan te vertel.

Hou die plakkate dop vir die datum van hul besoek en gesels met hulle oor 'n rooskleurige toekoms vir jou. Of skryf vir meer inligting aan Die Sekretaris, Staatsdienskommissie, Privaatsak X121, Pretoria, 0001.

**DIE STAATSDIENS BIED NOU MEER AS OOIT**

***Staatsdiens besoek u kampus op 12–14 September 1978***


## WIE WAT WAAR WANNEER WAAROM

### *Belangrike datums*

Eerstejaarstudente meld aan: Dinsdag 30 Januarie 1979
Aanvang van lesings en registrasie: Dinsdag 6 Februarie 1979
Sluiting van Herfsreses: Woensdag 11 April 1979
Heropen na Herfsreses: Woensdag 25 April 1979
Sluiting vir Winterreses: Vrydag 29 Junie 1979
Heropen na Winterreses: Woensdag 25 Julie 1979
Einde Akademiese jaar: Woensdag 5 Desember 1979

# PUKKE SAL YSSKAATS

**Die langverwagte ysskaatsbaan gaan uiteindelik gebou word. Die versekering is die afgelope week deur twee instansies aan Die Wapad gegee.**

Die stadsraad het Die Wapad ingelig dat die plan goedgekeur is, maar dat dit 'n privaatonderneming sal wees. Die oprigting van die skaatsbaan sal deur mnr. Louis Luyt van Triomf gefinansier word.

Die skaatsbaan sal gebou word in Fonteinstraat. Dit is oorkant die weermag se berede sentrum, naby die T-aansluiting na Ventersdorp.

Die baan sal uiteindelik 'n gehoor van 3 500 kan vestig en 400 skaatsers sal tegelykertyd kan skaats.

Dit is onmoontlik om te sê wanneer die baan klaar sal wees. Die werk is ongelukkig met twee weke vertraag nadat die stadsraad 'n advertensiebord op die verkeerde perseel geplaas het.

Die Pukke kan dus uitsien na 'n skaatsbaan in die nabye toekoms wat sal help om die te kort aan ontspanning te verlig.

# NAWEEK BRING ONGELUKKE

**Niemand is in motorongelukke dood tydens die intervarsitynaweek nie, hoewel verskeie studente beseer is.**

'n Muurbalspeelster van die PU vir CHO, Annemie Jordaan, is ernstig beseer toe 'n dronk persoon voor die motor waarin sy gery het, ingeswaai het. Hulle het nie vinnig gery nie, maar hul veiligheidsgordels was nie vas nie. Annemie se borsbeen is gebreek, haar bene het seergekry en sy het ernstige snye op haar voorkop opgedoen.

In 'n ander ongeluk het Johan Botes en 'n ander man voet- en kopbeserings opgedoen. Dit was nie ernstig nie.



*Die trapkarstryd het die Pukke net-net verloor. (Foto: Paul Slot).*






## Wag 'n Bietjie

Vir Wag 'n Bietjie was Saterdag se Intervarsity onvergeetlik. Die uittog Bloemfontein toe, die verskillende sportsoorte daar, die rugby, en natuurlik die gees.

Al wat mens dan ook nà so 'n naweek kan sê, is dat die Puk die beste van alle kampusse bly.

Kovsies wen met 57-10, maar Kovsies loop ook terwyl die manne nog swoeg en sweet om punte in te samel. Die Puk bly bankvas staan, "brul" die Alma Mater uit, en laat al wat Kovsie is se kop in skaamte sak.

Pukke, Wag 'n Bietjie is bly ons is deel van julle en aan alle huise, muise pale en balle van Wag 'n Bietjie, dankie dat julle daar was. Aan die Puk se eerste rugbyspan – dit was 'n plesier om na julle te kyk – daardie val en tog weer opstaan, was lieflik.

Verder wen Wag 'n Bietjie se eerste hokkie-span hulle naamgenoot te Kovsies, met 2 doele teen 0. Geluk eerstes, dit was 'n aanskoulike wedstryd.

Die koshuis-hokkies word dan ook vir 1978 deur Wag 'n Bietjie gewen en die trofee word tydens 'n heerlike kaas en wyn deur ons verteenwoordiger, Hettie Oosthuizen, ontvang. Dankie aan Ilse vir al die opofferinge, dit was ná alles die moeite werd.

Die nuwe H.K.-verkiesing is om die draai. Die genomineerde dames het vanjaar weer sterk kompetisie, en die stemgeregtigdes, 'n wye keuse.

Dit is en was die lekker en interessante deel van die jaar – nou kom die akademie, en wel in hulle hordes.

Aan al Wag 'n Bietjie se dames, sterkte, en onthou, aanhouer wen.

## Oosterhof



Die swaar van Intervarsity-verloor het nie juis die gees van die Puk gedemp nie. Dieselfde en nog meer kan van OOSTERHOF gesê word. Ons is nou eers vol lekkerte.

Om die droewigheid van die naweek 'n bietjie te vergeet het ons toe 'n talent-kompetisie hier in die koshuis gehad. Elkeen met 'n ietsie van 'n talent in een of ander rigting het deelgeneem. As ek sê die talente van die meeste van die deelnemers het baie van ons verras, oordryf ek nie.

Daar was van alles. Dit het bo begin by die hoogste klassieke musiek wat jy aan kan dink tot by 'n lekker popliedjie. Dan was daar vertolkings van werke van Ingrid Jonker en M.M. Walters en baie ander. Die vrolike in dié groep vertolkings was egter nie uitgesluit nie.

Die musiek het gewissel van viool tot kitaar – met baie verskillende instrumente tussen in. En het die mense gesing!

Aan uitstallings van kunswerke, of jy nou kuns swot of nie, was daar ook geen tekort nie. Skilderwerk en naaldwerk het die grootste gedeelte hiervan uitgemaak.

Die talentaand is toe afgesluit met 'n sêrkompetisie tussen die gange. Voorwaar 'n klomp singende wesens wat die gange van Oosterhof bewoon – as ek die ding so beskou. Nie een gang het dan eers 'n bietjie swakker vertoon as 'n ander nie!

Die aand was 'n fees vir die mense wat daar was en volgens Susan Aucamp, wat die aand gereël het, gaan dit nou 'n permanente instelling word wat elke jaar net groter en groter gaan wees.

Volgende jaar kry elke koshuis 'n uitnodiging en as ek julle kan raadgee, moet dit nie misloop nie. Dis iets om te beleef – só 'n talentaand in OOSTERHOF!!!



## Klooster

Die blyste groep mense dié week in die koshuis is seker die groep eerstejaars van 1978. Daar is eenparig besluit om vir die eerstejaars 'n geselligheid in die koshuis te gee soos vorige jare.

'n Ander groot gebeurtenis wat alle inwoners verheug het, is die koshuiskat wat geboorte geskenk het aan vyf kleintjies. Sy het 'n moeilike tydjie deurgemaak en almal was verskriklik verlig toe alles sonder komplikasies verloop het.

Klooster se trapkar het werklik goed gevaar die afgelope paar weke. Derde plekke is verower in die PU-kampioenskappe asook in die pas afgelope intervarsity. Die inwoners wil graag aan die trapkarmanne alle sterkte toewens vir die komende kragmetings.

Die somer kom vinnig nader en nog steeds is die swembad nog onaangeraak. Ook die eksamenstemming is voelbaar in die koshuis en dit mag dalk vrugte afwerp.



## Vergeet-my-Nie

Soms gaan dit maar stil-stil, maar dan duik ons weer op met 'n groot gejuig en sê: "Vergeet-my-nie".

Woensdag voor Intervarsity het ons Caput aangedurf. Die aksie het 'n rugbywedstryd, sokker en titels opgelewer. Blok P en Blok R het teen mekaar rugby gespeel en R het as die meerdere uit die stryd getree. Die sokker tussen Vergeet-my-nie en Caput was gelukkig net vriendskaplik, maar hoogs interessant. Die hele aksie was 'n fees. Mnr. Caput is deur die dames aangewys op grond van intelligensie, en die manne het Ilse Kriel gekroon as Mej. Vergeet-my-nie.

Met baie moed het ons Kovsies gepak. Die hokkiespan het Stad gewen, maar met die netbaldames het dit minder goed gegaan. Hulle het darem die gasvryheid van Hobhouse geniet. Tog het elke Vergeet-my-nietjie haar intervarsity geniet.

Die komende HK-verkiesing lewer nogal heelwat opwinding op. Die nominasietyd is 21-28 Augustus en op 30 Augustus sal die nuwe leiers aangewys word. Vir die ou HK:- "Baie dankie. Julle tyd is amper verby, maar ons sal nog lank die vrugte pluk van al julle arbeid."

Voor ons groet: Sterkte aan elke Puk met die toetsreeks wat voorlê.



## Klawerhof

Met die opwinding van die Intervarsity nog mét ons, is dit maar moeilik om te glo ons is weer terug! Hoewel ons netbalspan Saterdag nie 'n baie goeie wedstryd gehad het nie, kon die hokkiespan die Kovsies se Soetdorings darem met 2-1 klop. Baie geluk ook aan Marietjie Barnard met haar derde plek in die landloop.

Terwyl ons nou by gelukwensinge is, durf ons ons twee SSR-dames nie vergeet nie. Magdel en Leenster, ons is trots. Met julle twee en Anne-Marié gaan dit 'n groot jaar vir die Pukdames wees.




## Over de Voor

Over de Voor het die SSR-verkiesing en die Intervarsity met welslae oorleef. Geluk aan Jan Botha en Petrie de Kok. Ons glo almal dat julle die dinge suksesvol kan hanteer.

Over de Voor het weer 'n watervloed beleef. Maar hierdie keer uitwaarts. Is dit meer verstaanbaar as ek sê dat menig dameskoshuis moes uitvind dat water nat is? (Beskou dit tog maar as 'n daad van selfverdediging).

Intussen was daar twee liga-rugbywedstryde. Een het ons gewen teen Amavilla, die ander verloor teen Caput. Vishuis van Kovsies het daarin geslaag om 'n naelskraap oorwinning oor die Voor te behaal.

Orals is die bedrywighede van die komende HK verkiesing merkbaar. Dit gaan gewoonlik gepaard met baie komiese gevalle.

En dan moet die eerstejaars ook nog een of ander tyd onthef word. Of hoe?



## Wanda

Wandagees is hoog! Na die feesvieringe van die afgelope twee weke kan dit nie juis anders nie! Eers verjaarsdag, daarna Intervarsity!

Wandadames het in hulle hordes opgeruk Bloemfontein toe en die Kovsiekampus oorgeneem. Heel toevallig het die meeste dames Weltwitschia dameskoshuis betrek en 'n feestyd daar deurgebring.

Wanda het feitlik die Puk in alle sportsoorte verteenwoordig. Gewen of nie, die gees was reg! Die hokkiespan het met 1-0 verloor en die netbalspan is ook net-net deur die Kovsies geklop! Op ons tuisfront sal die bordjies seker verhang word! Terry van Rensburg is die enigste muurbalspeelster wat haar wedstryd teen die Kovsies gewen het.

Nou is die heerlike feestyd verby en moet die boeke weer nadergesleep word. Akademie vier hoogty en vergete is die sport en "sports" van die afgelope twee weke. Die ligte brand nog tot twee uur soggens. In plaas van die emmer water wat Liberalia bad, is dit nou boeke, laataandkoffie wat nadergetrek word.

Ons hoop die gees van die afgelope twee weke heeljaar deur sal duur en dat die naderende eksamenspoke nie die vriendelike glimlaggeis sal verdryf nie.



## Caput

Iemand of liewer heelwat mense is gewiks. Die beker is in Caput se hande. Dit wil gedoen wees. Binne die eerste vier jaar van Caput se bestaan wen hy die beker. Geluk aan Oom Bobb, wat nou gaan vas, Rency wat weggaan en Pieda wat "gebreek" is. Dit was puik. Nou wag ons net vir die tweedespan ook.


Intervarsity het blykbaar sy tol geëis. Op besonderhede sal ons nie nou ingaan nie. Die manne het dit terdeë geniet; jammer ou Casper het so bleek teruggekom. Kieries het maar die koerant bestudeer om te weet wat gebeur het. Ook jammer ou Okkie het nie geweet wanneer om die trapkar te wen nie. Ag Okkie, gelukkig weet almal jy is maar dom.

Wanda was die oorsaak dat so baie meisies nat geword het. Wonder wat daar gebeur het! Die res van Wanda en Kasteel en Vergeet-my-nie moet maar hulle wraak op Wanda gaan uithaal.

Tannie Naubies was blykbaar nie gelukkig oor die drieduim laag modder in die gang nie. Dit was maar net 'n ongeluk.

Verder is Caput weer goed verteenwoordig op die SSR. Geluk Gert en Frits. Hoop nie julle het ook trouplanne nie.

## Kasteel



Vir die afgelope week of wat, was daar so 'n stil tog opgewonde gees in Kasteel. Die oorsaak?

Tog nie Intervarsity nie? Die magtige Kovsies . . . of dalk ons soete oorwinning. Nadese weet ons waaraan om dit toe te skryf. Die Kastelers is dit so eens dat die PUKKE se gees, nie op 'n ander kampus te kry is nie. Ons verloor soos 'n "man", maar dit moedig juis die gees aan. En "gees" is vir die Kastelers 'n groot woord en 'n woord wat baie saakmaak. Ons Kastelers sê: "PUKKE, in die gees het ons gewen!" Ons is trots op ons universiteit!

Die tweede rede vir die stil atmosfeer is dalk oor die uitskop van ons HK. Almal bekyk mekaar so onderlangs . . . wie gaan die nuwes wees . . . wie gaan dit regkry om weer te staan . . . ons kyk almal die kat uit die boom, want nèt die beste is goed genoeg vir Kasteel. Sterkte aan al die dames!

Laaste, maar nie die minste nie . . . die akademie begin nou weer aandag kry. Volg gerus ons voorbeeldd of die tyd haal julle in!




## Kulu

Die Kulu-meisies is ware staatmakers wat Puk-aksies betref – hulle het die Sing-Songs en Groot Brag in groot getalle bygewoon. Daar is Donderdagaand Middie gehou – net om nog gees te vang. Dit het so 'n versterkinkie gegee. Thaba-Jäh manne het ook 'n stuiwer in die armbeurs gehad en het vrolik met ons saam gesing. Baie dankie manne – dit was feeste! Ons is jammer om te hoor van julle motors en hoop die skuldiges is reeds aangekeer.

In ons massas het ons opgetrek na die geboortegrond van ons aartsvyand. Ons netbaldames het net-net verloor.

Twee van ons dames het aan karate gaan deelneem en ook die hokkiedames het hulle deeltjie bygedra. Hulle het, soos ons hulle ken, die kersie op die koek geplaas deur 4-2 te wen. Vir die eerste keer in Kulu se geskiedenis het die intervarsitypunte na Kulu se kant toe gekom.

Op Kovsieland het ons die Puk-leuse – hoe om 'n Puk te groet – ten volle nagekom. Nou het ons slegs die akademie voor oë – waaragter ons ons volle gewig gaan gooi.



*Die gees by die netbal was groot maar dit was nie baie suksesvol nie. (Foto: Paul Slot).*

